TRALIE VARIA

1905

Tralie Varia behaal 'n 1ste plek in die Media24 Nasionale Skoolkoerantkompetisie 2013

Hoërskool Sentraal Bloemfontein: Gnl Cronjéstraat, Dan Pienaar, webwerf: www.sentraal.co.za, e-pos: mail@sentraal.co.za, T: (051) 4101800

NOVEMBER 2013
JAARGANG 41

In dié uitgawe...



2 NUUS
Die FANTA foodie-kompetisie is FANTAsties



3 NUUS
Ruben Pretorius tydens sy hoogtepunt Kilimanjaro



4 KULTUUR
Juvenes Cantantes-klanke resoneer in die Voortrekkermonument



10 SPORT
Tentpegging vereis 'n regte vrou op 'n perd

Varia werk en wén

Publikasie maak skoonskip in nasionale koerantkompetisie



Kernredaksie is in hulle skik met die oorwinning. **Foto: Geo Jooste**

BERNA COETZEE

Die redaksie van die Tralie Varia is stomgeslaan nadat dié skoolkoerant Media24 se Nasionale Skoolkoerant-kompetisie gewen het.

Met die verouderde Tralie Varia, gedateer Mei 1962, in sy hand, vertel die trotse skoolhoof mnr. Johan Vorster: "Die Tralie Varia is verseker een van die belangrikste komponente wat al die fasette van die skool saamvat."

Verder vertel Vorster dat dié koerant se standaard die afgelope dekade drasties verbeter het, te danke aan personeel wat passievol joernalistieke vaardighede onder die leerders kweek. Die afgelope twee jaar was die Tralie Varia die naaswenners. Vanjaar het die redaksie met voortgesette ywer en entoesiasme met die louere weggestap.

Die redaksielede voer onderhoude, skryf en redigeer berigte onder leiding van mnr. William Loots, me. Barbara Engelbrecht, Nadia Röll, Johrensa Theron, en Lize Venter. "Ons is dankbaar vir die groot eer wat ons te beurt geval het," sê me. Röll (aktiwiteitshoof).

Altesaam 21 skole van regoor die land het aan die kompetisie deelgeneem. Reza van Rooyen, koördineerder van die kompetisie, sê dat die mededinging vanjaar besonder straf was. "Dit is 'n reuse prestasie aangesien die standaard elke jaar verhoog."

Cornel Vermaak, redakteur van die Tralie Varia, wil graag die Tralies, onderwysers en elke redaksielid bedank vir hulle volgehoue ondersteuning. "Dit is 'n eer om die redakteur van so 'n spogkoerant te kan wees. Hierdie prestasie bewys dat harde werk en deursettingsvermoë altyd beloon word."

Die volgende aanhaling kom uit die redakteursbrief gedateer 1962: "Ons het gekom om te bly."

Met hierdie visie, reeds in 1962 gevestig, kan die Tralie Varia net van krag tot krag gaan.

Linte simbolies geknip by media opening

INGE SCHOEMAN

"Ons is vandag deel van 'n historiese geleentheid," sê mnr. Johan Vorster, skoolhoof aan die Hoërskool Sentraal, by die amptelike opening van die Tralie-Media.

'n Handjie uitgelese gaste was op 30 Julie by die byeenkoms teenwoordig. 'n Gees van afwagting het geheers en die gaste is aangenaam verras met die suksesvolle aanbieding deur die Tralie-Media.

'n Visuele aanbieding het op die grootskerm begin flits en 'n volledige voorlegging is aan die gaste voorgehou.

Daarna het die gaste na die Tralie-Media ateljee beweeg. Hier vind die redigering van video's plaas. Dit kan dan binne sekondes op die webwerf besigtig word. Daar is tans 60 video's op die webwerf en dit het tot op hede 10 000 besoeke gedurende die afgelope jaar geniet.

"Dit is vir my 'n openbaring dat die inisiatief van skoolkinders oor die jare heen nog voortleef. Die Tralie-Media is 'n moderne mediakomponent wat die Tralie-blog, die Tralie-TV en die Tralie Varia omvat. Dit plaas die Hoërskool Sentraal op die voorpunt wat mediakommunikasie betref," sê mnr. Vorster.

Mnr. en mev. Nienkemper het met die knip van die lint die amptelike opening van die Tralie-Media sentrum waargeneem.

"Dit is wêreldklas en indrukwekkend. Die leerders wat hierdie idee deurgevoer het, is baanbrekers," so meen oud-Sentraler en hoofseun van 2010, Foster Lubbe.

Dit is hoe die Vrystaatse jeug voel

400 leerders van meer as 35 skole lug weer hulle mening

CORNEL VERMAAK


Het jy al ooit gewonder hoe die mense rondom jou oor 'n sekere saak voel? Of wou jy dalk net weet wat hulle gunsteling koeldrank is?

Danksy die nuwe tegnologie is dit nou makliker as ooit om 'n opname oor feitlik enige iets op enige gegewe oomblik te maak. Tydens die Noordwes Universiteit (NWU) 2014 Jeugberaad, aangebied deur die Hoërskool Sentraal, is 'n opname van regoor die Vrystaat gemaak. Aan leerders is onder andere gevra om vir die huidige regering 'n punt uit tien te gee, om 'n paar algemene kennis vrae te beantwoord en om ook oor persoonlike kwessies hulle mening te lug.

Daar is bevind dat die gemiddelde Vrystaatse skolier ongeveer R200 sakgeld per maand verdien. Dit is ook interessant dat 35% van alle leerders ongeveer 1–10 keer per dag tydens skoolure op die gewilde sosiale netwerk Facebook inloer.

Coca Cola is die gesogste koeldrank onder die leerders en Sprite trek definitief aan die kortste end. Leerders is gevra watter land die grootste oppervlakte beslaan. Daar is vyf moontlikhede aan die leerders gegee naamlik Japan, China, Engeland, Rusland en die Verenigde State van Amerika. 45% van die leerders het aangedui dat China die grootste land is terwyl 50% van die leerders die regte antwoord, Rusland, gekies het.

Dit is duidelik dat die leerders wat die Jeugberaad bygewoon het, 'n appeltjie te skil het met die huidige regering oor hoe hulle die land bestuur. 65% van die leerders gee die regering 'n persentasie van 40% of minder. Hierdie statistiek verduidelik dus ook waarom 4 uit 10 leerders onseker oor hulle toekoms in Suid-Afrika is.



PROFIEL

Oud-Tralie laat die boeke klop in klaskamer

BERNA COETZEE

Is juf. Venter nog altyd 'n Bloemfonteiner?
Ek is gebore in die Universitas hospitaal (Bloemfontein). Vandag is ek steeds 'n trotse "Rosemeisiekind". Ek het ook aan die Hoërskool Sentraal gematrikuleer.

In watter studierigting het juffrou juffrou se graad verwerf?
Ek het eers B-Rek aan die Universiteit van die Vrystaat studeer en daarna het ek my Nagraadse Onderwyssertifikaat voltooi.

Wat is kenmerkend aan juffrou?
Ek is 'n perfeksionis en ekstrovert, maar geniet dit ook om op my eie te wees.

Wie of wat kan juffrou nie verdra nie?
Ek het 'n fobie vir spinnekoppe. Ek hou ook nie van ongemanierde kinders wat nie respek vir hulleself en vir ander het nie.

Waaroor is juffrou spyt?
Ek glo in 'n tweede kans. Spyt laat jou slegs teen jou foute vaskyk. 'n Mens moet dus nooit spyt wees nie, maar eerder die moed hê om jouself te verbeter.

Wat is juffrou se kosbaarste besitting?
Foto-albums. Ek neem graag foto's en probeer gereeld mooi herinneringe vaslê.

Wat doen juffrou vir ontspanning?
Ek bring graag tyd saam met my familie deur. Ek geniet ook 'n heerlike koppie sterk koffie tydens 'n Brad Pitt fliek.

Wat is juffrou se toekomsdrome?
Eerste op my lysie is om 'n man te vang, 'n huis te koop met 'n groot tuin vir die kinders om in te speel... en definitief om 'n kursus in funksie-koördinering aan te pak.

Meer geleenthede word bekend gestel

MADIA STEENKAMP

Die Hoërskool Sentraal bied 'n wye verskeidenheid vakke aan onder andere: Ontwerp. Ontwerp word van die begin van 2012 aangebied.

Die doel van Ontwerp aan die Hoërskool Sentraal is om die leerders wat oor dié vaardigheid beskik, die kans te gun om hulle talent te gebruik. Die vak stimuleer hulle denkwyse en berei hulle deeglik voor in 'n moontlike studierigting.



Linka Bitzer se ontwerpuitstalling. **Foto: Verskaf**

Ontwerp is 'n praktiese vak waarin die leerders hulle kreatiwiteit ontwikkel. Leerders leer verskillende konsepte soos ontwerpstyle, ontwerptegnieke en handvaardighede aan.

Mnr. Louis Hager, vakonderwyser aan die Hoërskool Sentraal, het 'n belangstelling in ontwerp onder die leerders raakgesien. "Ek het baie idees byvoorbeeld om 'n groot ateljee te skep en beter en meer toerusting aan te koop," vertel mnr. Hager.

Tans word Ontwerp vir snelgroeiende hoeveelheid leerders vanaf graad 10 tot graad 12 aangebied. Volgens mnr. Hager het nie elke kind die persoonlikheid om die vak te kan neem nie. "Jy moet 'n kunssinnige streep hê om Ontwerp te kan beoefen en 'n liefde daarvoor is belangrik."

Jy kan 'n verskeidenheid, kreatiewe projekte, binne die Ontwerpklas verwag. Gebruiksitems soos lampe, stoele, juweliersware, etikette en kledingstukke word ontwerp.

Laasgenoemde items word deur allerlei organiese materiaal soos karton, plastiek en papier geskep.

Dit is daarom voor die handliggend dat met 'n vak soos Ontwerp op jou matriek-sertifikaat, jy 'n uiteenlopende loopbaankeuse het. Grafiese-, industriële-, meubelbeligtings- en produkontwerp, advertensie veldtogte, argitektuur, filmwerk, animasie en nog vele meer.

As 'n mens mnr. Hager se eie skeppings onder oë kry, spreek dit vanself dat hy sy posisie as kunsonnie aan die Hoërskool Sentraal regverdig. Hy is 'n meester op sy gebied.

Mnr. Hager het gekwalifiseer in Visuele Kuns en Ontwerp. As Van Gogh, Gucci of Gaudi jou hart laat pulseer is dít die vak vir jou.

Tralies is fanta-s-ties by kookkompetisie

MADIA STEENKAMP

Drie leerders aan die Hoërskool Sentraal, Janin Rabie en Susan Kleyn (albei graad 11-leerders) en Sammy Deysel, 'n graad 12-leerder, het deelgeneem aan 'n kookkompetisie, geborg deur Coca-Cola, met die naam *Fanta Foodie*.

Hulle moes drie geregte met Fanta as die hoofbestanddeel voorberei. Die geregte wat deur die Tralies voorberei is, was: kolwyntjies, pannekoek met 'n tunavulsel asook jelly en vla.

Vrydag, 6 September, het die leerders die potte behoorlik aan die kook gehad by die *Food and Beverages Institute* (FBI). Die volgende dag het hulle die geregte by *Iewers Nice* se straatmark te koop aangebied. Die prys wat hulle verower het, is 'n kas Fanta per maand vir 'n tydperk van een jaar.

Net soos Nataniël het hierdie leerders ook met hulle unieke koskennis die tafel gedek. "Dit was 'n leersame ondervinding," sê Rabie.

Fanta het sy oorsprong gedurende die tweede wêreldoorlog gehad. Max Keith, die hoof van Coca-Cola Deutschland en die vervaardiger van Fanta, sou nooit kon dink dat sy uitvinding vandag as 'n hoofbestanddeel gebruik kon word nie.



Tralies geniet Coca-Cola se kookkompetisie. **Foto: Susan Klein**

Tanzanië se reus word so oorwin

Ruben Pretorius klim die 'Mountain of Greatness'

PAUL SCHALL & SCHALK SWART

Dit gebeur min dat 'n skolier reeds iets vermag waaroor baie ander mense hulle lewe lank droom. Ruben Pretorius,'n graad 11-leerder, het in Juliemaand die berg Kilimanjaro oorwin.

Op 18 Julie het Pretorius, as deel van *Team Hope*, sy aanslag op die hoogste berg in Afrika begin. *Team Hope* bestaan uit tien lede van alle ouderdomsgroepe wat ten bate van fisies gestremde persone klim. Hulle moes gedurende die ses maande lange voorbereiding onder andere hulle kardiovaskulêre fiksheid so hoog as moontlik kry. Dit het gesorg dat hulle voorbereid was op die moeilike omstandighede wat op hulle gewag het.

Die totale afstand wat hulle te voet moes aflê, was 70km. Hulle het die afstand met 'n rugsak van ongeveer 10kg gestap. Die rugsak het kos, klere en ander gereedskap, wat die klimmer sou benodig, bevat. Pretorius sê dat die temperatuur, wat snags tot so ver as -20˚C gedaal het, nogal 'n aanpassing was. Die gróótste aanpassing was egter die stremming wat die verandering in hoogte bo seespieël op 'n mens se liggaam plaas. Dit was vir hom opmerklik dat daar byna geen lewe op die berg is nie. Die langste en laaste skof wat die span moes aandurf, het 'n uitmergelende twintig uur geduur.

Hierna was die ergste egter verby en kon hulle met trots op 25 Julie die spits van Afrika, die 5 895 meter hoë Uhurupiek, bereik.

Vir Pretorius was dit 'n onvergeetlike ervaring. "My groot droom is om eendag Everest te klim." Sy eerste stap in daardie rigting is die berg Denali in Alaska.



'n Blik op die groot uitdaging - die Berg Kilimanjaro. **Foto: Ruben Pretorius**

Maak seker oor die keuse van 'n loopbaan

SCHALK SWART & PAUL SCHALL

Die beroepedag van die Hoërskool Sentraal is nou al 'n geruime tyd 'n jaarlikse instelling en soos gewoonlik was daar baie verskillende uitstallers.

'n Wye spektrum beroepe is ten toon gestel. Van skaapskeerder tot rekenmeester. Dit maak nie saak waarin jy belangstel nie, daar was iets vir elke smaak.

Die dag het begin met 'n helikopter wat op die rugbyveld geland het. Boeta Dippenaar (voormalige Protea-krieketspeler en huidige vluginstrukteur) het die helikopter van Westline Aviation, 'n uitstaller, geloods. Mnr. Du Toit Neethling, onderhoof aan die Hoërskool Sentraal, het onder andere saam gevlieg.

Van die uitstallers was die Universiteit van die Vrystaat, Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geoktrooieerde Rekenmeesters, die Suid-Afrikaanse Lugmag en Medikliniek. Een van die grootste trekpleisters was die skaapskeerstalletjie waar praktiese demonstrasies gedoen is. Johan Kriek, 'n graad 11-leerder, het gesê: "Vir my was die rekeningkundestalletjie verreweg die beste!"

Elke leerder in die skool het die geleentheid gekry om vir 'n periode lank die stalletjies te besoek. Leerders van ander skole in Bloemfontein het ook die uitstallings bygewoon.

Die graad 7-seuns van die Laerskool Willem Postma was gaande oor die gewere by die lugmagstalletjie. Die Hoërskool President Steyn en St. Andrew's se graad 11's het ook 'n besoek kom aflê.

108 kersies word uitgeblaas



Cambels vermaak tydens verjaardagvieringe. **Foto: Verskaf**

ANJA & BRANDON

Humoristiese nostaaltjies het die saalperiode van Vrydag 23 Augustus met sakke vol Tralie-gees ingekleur.

Die 1963-jaargroep, wat reeds 50 jaar uit die skool is, asook die 1978-, 1983-, 2003-, en 2008-jaargroepe het in die feestelike atmosfeer gedeel.

'n Aantal sprekers uit die onderskeie jaargroepe het hulle gedagtes met die huidige Tralies gedeel. Marna Grobbelaar, van die 1963-groep, het gesê: "As julle keuses wil maak, kies altyd die moeilikste een, want as jy dan wen, is die beloning soveel groter."

Die Werk-en-Wen kommando het hulle vlagparade in die skoolsaal aan die Tralies ten toon gestel. Die Suid-Afrikaanse- en Voortrekkervlae is na die verhoog geneem en die Volkslied is gesing.

Die Saterdag het met 'n rugbywedstryd tussen die Blyers (graad 11–rugbyseuns) en die Glyers (graad 12-rugbyseuns) afgeskop. Na afoop van die Blyers-en-Glyers-wedstryd het daar twee spanne, bestaande uit oud-Tralies, teen mekaar gespeel.

Die potjiekoskompetisie het om tweeuur begin en 29 spanne het met groot erns begin kook. Die kompetisie is laatmiddag deur drie onafhanklike beoordelaars beoordeel en die gelukkige wenner van die kompetisie, Roelf van Wyk, het met R5000 weggestap.

Die Saterdagaand het die leerders 'n verjaardagbal met die tema, Skaakmat, bygewoon. Sowat 600 mense het die Cambells se vertoning bygewoon terwyl die gaste gekuier het en die sogenaamde Tralie-lyndans gedans het.

Die Sondagoggend het die erediens by die NG-kerk Berg-en-Dal plaasgevind om die wonderlike naweek in die huis van die Here af te sluit.

In LO word twee linkervoete gewysig

BERNA COETZEE

As dit kom by geluk en sukses in die lewe, beteken jou emosionele intelligensie baie meer as jou intelligensiekwosiënt.

Dit is een van die lewenslesse wat me. Poedels du Plessis, Lewensoriëntering onderwyser aan die Hoërskool Sentraal, elke Tralie wil leer.

Op 22 Augustus het die Hoërskool Sentraal se graad 8- en 9-leerders 'n dans bonanza gehou waartydens hulle op die verhoog teen mekaar moes meeding. Elke klas moes self hulle eie danspassies uitwerk en hulle uitrustings self ontwerp en beplan.

Wat hierdie aand uniek gemaak het, was die feit dat alle leerders verplig was om in registerklasverband deel te neem. Dit was 'n prettige vorm van formele assessering.

Na 'n spanningsvolle uitdun tussen die graad 8D-, graad 9D-, en graad 9G-klas is die graad 9G-klas as die wenner gekroon."Dit was 'n ongelooflike ervaring om in groepsverband te kon deelneem. Al was dit soms moeilik, het ons mekaar beter leer ken en mekaar gemotiveer en ondersteun," het Ruan van der Walt (beter bekend as "Bubbles"), 'n leerder van dié klas, opgemerk.

Me. Du Plessis sê die doel is om die leerders se spanwerk, kommunikasievermoë, kreatiwiteit en deursettingsvermoë te verbeter.

Gerhard Pretorius, 'n graad 9-ouer, het gesê: "Dit was 'n wonderlike geleentheid wat ek enige tyd weer sal bywoon.

Die Tralies het verseker gees!"

Skandeer vir meer!
vqr.mx/ZMRx



Die Cantus Choralis kan Musiekfees hou

Juvenes Cantantes het in die Voortrekkermonument geskiedenis gemaak

CARMIN VERMAAK

Tydens die hoeksteenlegging van die Voortrekkermonument in Pretoria - 1938- het die Hoërskool Sentraal se skoolkoor, onder die leiding van mnr. Casaleggio, opgetree.

Juvenes Cantantes kry 75 jaar later weer die geleentheid om vir 'n tweede keer in die skool se geskiedenis tydens die Cantus Choralis Musiekfees in die Voortrekker-monument op te tree.

Die Cantus Choralis wat vroeër jare bekend gestaan het as 'n koorkompetisie, het hierdie jaar 'n nuwe baadjie aangetrek en is na 'n musiekfees verander.

Slegs die beste kore in Suid-Afrika word na dié fees uitgenooi. Die kore wat by vanjaar se musiekfees opgetree het, was onder andere die Hoërskool Evander van Mpumalanga en die gasheerskoolkoor - die Hoërskool Wonderboom in Pretoria.

Vanweë die ongelooflike akoestiek van die monument is die koorklanke baie resonerend en indrukwekkend. Die aand is afgesluit met 'n massakooruitvoering. Die koor, onder leiding van mnr. Albert Morland, het die *Halleluja* van *Händel* uitgevoer.

Mnr. Corné van Pletzen, koordirigent van Juvenes Cantantes, meen dat dié musiekfees bygedra het tot die koor se sukses om tydens die ATKV Applous Nasionale koorkompetisie as die tweede beste gemengde skoolkoor in Suid-Afrika aangewys te word.



Johan Kriek lewer 'n monoloog tydens 'n sangitem in die Voortrekkermonument. **Foto: Verskaf**

Groot Trek word herdenk



Geert Mosca, Werk-en-Wen aktiwiteitshoof herdenk Groot Trek.
Foto: Liane Geldenhuys

CARMIN VERMAAK

"Dit is belangrik om Die Groot Trek te herdenk. Nie net omdat dit 'n groot rol in die Afrikaner se lewe gespeel het nie, maar ook omdat Die Groot Trek deel gevorm het van ons land se geskiedkundige agtergrond," sê Professor Piet Strauss, voormalige hoofleier van die Voortrekkers.

In 1838, presies 175 jaar gelede, het sowat twaalfduisend Afrikaners van die Kaapkolonie na die binneland verhuis. Hierdie verhuising het bekend gestaan as Die Groot Trek.

Hierdie groep mense wat hoofsaaklik slegs uit Afrikaanssprekende mense bestaan het, het bekend gestaan as Voortrekkers. 175 jaar later word hierdie geskiedkundige gebeurtenis herdenk. 'n Groot groep entoesiastiese Afrikaners wat aan verskeie organisasies soos die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings, die Afrikaanse Volksang- en Volkspelebeweging en die Voortrekkers behoort, het hierdie tog aangepak. Die roete wat oor 'n tydperk van twee weke geduur het, het begin by Klipbokkop in die Kaap en dit het in Pietermaritzburg geëindig. Tydens hierdie tog het hulle ook by die Vrouemonument in Bloemfontein aangedoen onderweg na hulle bestemmming te Bloedrivier.

Die Voortrekkers van die Werk-en-Wen kommando het tydens die saamtrek by die Vrouemonument deel gehad aan die seremonie. Verskeie kommando's van Bloemfontein het deel van die seremonie uitgemaak. Die tema van die seremonie was van toeka tot nou. Me. Geert Mosca het vooruitbeweging, deur die brandende fakkel wat geplant is, gesimboliseer. "Dit is 'n groot eer om deel te kon wees van die geleentheid aangesien dit nie elke jaar gebeur nie," sê Pieter Smuts hoofkoördineerder van die seremonie.

Nog 'n suksesjaar vir die VCSV

BERNA COETZEE

Die Hoërskool Sentraal se Verenigde Christentudentevereniging, die VCSV, het nie net in getalle nie, maar ook in gees gegroei. "Dit was 'n baie opwindende jaar vir ons as kringleiers. Ons het meer van God, onsself en die mense in ons groepe geleer," het Ilna Marais, 'n graad 11-kringleier gesê.

Daar was tydens 2013 meer as 50 groepe wat elk uit sowat 10 kinders bestaan het. Van die derde kwartaal af het al die kringleiers in matriek die nuwe kringleiers onder hulle vlerk geneem en hulle gewys hoe om die kringe aan te bied.

Dehan Kotzé en Sumé Theron, die leiers van die VCSV, voel dat dit 'n goeie jaar was en sê ook dat daar nog baie voor die einde van die jaar gaan gebeur. Kotzé sê: "Die groepleiers is meer betrokke by die skool en by geleenthede buite die skool. Ons beplan nog 'n filmaand en 'n afsluitings-byeenkoms."

Volgens die kringleiers was die WOW-geleentheid werklik 'n besondere ervaring. Baie Sentraalleerders was deel hiervan en het saam met ander leerders van regoor Bloemfontein deur die nag gesing en gedans.

'n Hoogtepunt op dié groep se kalender was die loof-en-aanbidding wat gelei is deur Bill Drake, 'n sendeling uit Amerika. 'n Graad 8-leerder, Elrie Meyer, het gesê dat sy dink dat dit baie kinders se harte aangeraak het. "Daar was selfs 'n paar seuns wat 'n traan of twee gestort het," sê sy.

Me. Chrisnette van Vuuren, die aktiwiteitshoof van die VCSV, wil graag elke kringleier bedank. "Alle eer gaan aan God vir die sukses van 2013."

Koorlede skuur skouers in die Skiereiland

PAUL JOUBERT

Die Juvenes Cantantes het 'n toer na Kaapstad en omgewing onderneem ter voorbereiding van die ATKV-Applous Nasionale Koorkompetisie.

Die toer het afgeskop met 'n uitvoering in die *Grote Kerk* in die hart van Kaapstad. "Dit is 'n groot voorreg om in die *Grote Kerk* te kan optree," sê mnr. Corné van Pletzen, dirigent.

Gedurende die toer het twee bekende Suid-Afrikaanse koordirigente, dr. Erns Conradie en me. Akama Fick, oefensessies bygewoon en waardevolle insette gelewer.

'n Groot hoogtepunt van die toer was die besoek aan Robbeneiland. Toergidse het interessante feite oor die geskiedenis van die eiland aan die koorlede meegedeel. Daar was ook 'n uitstappie na Stellenbosch waar die Bergkelder – 'n wynkelder binne-in Papegaaiberg – besoek is en inkopies by die bekende Oom Samie se Winkel gedoen is.

"'n Besoek aan die Kaap is altyd opwindend," meen mnr. Van Pletzen. 'n Laataand-fliek by die Tygervallei-winkelsentrum en besoek aan Grand-West Casino se ys-skaatsbaan asook die V&A Waterfront was nog hoogtepunte.

By die Waterfront aangekom, het van die koorlede 'n impromptu opvoering van die Tralie-dans op die maat van die marimbas en saksofone van nabye straatmusikante gelewer.

Tienertoneel verras met wat Sentraal uitrig

Leerders kry die geleentheid om drama van 'n ander aard uit te beeld

PAULJOUBERT

Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging se Tienertoneel het vir die eerste keer in Suid-Afrikaanse geskiedenis 'n sangspel van Wolfgang Amadeus Mozart deur die Hoërskool Sentraal op die planke gebring.

Me. Alida van der Walt, klassieke-sangonderwyseres aan die Hoërskool Sentraal Musiek-Akademie, het saam met haar kollega, mnr. Stephan Bezuidenhout, tutor aan die Sentraal Musiek-Akademie, die massiewe taak om W. A. Mozart se *Bastien und Bastienne* te vertaal en te verwerk, aangepak.

Die nuwe vertaling omvat die moderne tiener se lewe waar liefdesdramas, faktore soos sport en skelm rook daaglikse gebeure is. Dit word onder die titel *Sebastian en Christine* aangebied.

Volgens mnr. Bezuidenhout: "Opera en toneelspel is twee sterwende begrippe in die moderne samelewing. Opera – een van die uitdagendste kunsvorms wat bestaan – het, net soos toneelspel, aanklank onder die Afrikaanssprekende verloor. In hierdie opera buffa (komiese opera) is die storie en karakters aangepas om 'n moderne, alledaagse verhaal te vertel."

Die leerders betrokke by hierdie produksie is: Chanté Stander (Christine), Jan-Louis Jordaan (Sebastian), Anica van Coppenhagen (Carla), Ian Bothma (Cobus), Paul Joubert (PJ), Anja Siemens (verhoogbestuurder) en Ly-Mari Marais (rekwisietebestuurder). Die lede van die Sentraal Musiek-Akademie Sinfonietta, onder leiding van mnr. Hendri Liebenberg, is Bonolo Kgaile, Ezelle Erasmus, Lesley-Ann Mhalo, Johan Champion, Chris Strydom, Carmin Vermaak, Daniel van Niekerk en Siyolise Nyondo.



Die première het op 13 Augustus 2013 in die Wynand Mouton-Teater op die UV-kampus plaasgevind. Ilne Fourie, beoordelaar, het gesê: "Niemand kan die gehalte van die produksie ewenaar nie."

Die ATKV se doel met die Tienertoneel is om skoolleerders aan die dramawêreld bloot te stel. Van die bekendes wie se loopbane só begin het, was Anneke Weideman, Roeline Daneel, Jak de Priester en Christo Davids.

Tydens die kompetisie het die Hoërskool Sentraal vir dié produksie die volgende toekennings ontvang: brons sertifikate vir: ensemblespel; Anja Siemens - vir verhoogbestuur; me. Alida van der Walt en Trudie Strauss (oud-Tralie) - vir vertaling en verwerking van die teks; mnr. Stephan Bezuidenhout - vir regie en Paul Joubert 'n silwer vir individuele spel.

Die Groengroep gaan groener



Tralies dink uit die blik as dit kom by herwinning. **Foto: Linka Bitzer**

BERNA COETZEE

Plant 'n boom of herwin papier. Hiermee help die Groengroep graag!

Onder leiding van me. Lizette van den Berg maak die Groengroep van die Hoërskool Sentraal 'n positiewe verskil om sodoende hulle koolstofvoetspoor te verminder. Die doel van dié groep is om mense meer van planeet aarde en hulle omgewing bewus te maak. Weekliks word papier vir herwinning versamel en daar word jaarliks nuwe bome geplant.

Daar is sowat 60 leerders wat deel is van die Groengroep. Die leerders verdien hulle balkies deur aktief betrokke te wees by die Woensdae byeenkomste en by die uitstappies wat kwartaalliks gereël word.

Die Groengroep is tans besig met 'n DBV-projek waar daar bydraes in die vorm van blikkieskos, komberse, hokke, ens. ingesamel word. Die graad 10D-klas het in die tweede kwartaal die grootste bydrae gelewer. Hulle het selfs 'n borg vir 'n nuwe hondehok gekry.

Die groep se uitstappie na die Boyden sterrewag was 'n hoogtepunt op die derde kwartaal se kalender. "Dit was 'n nuwe ervaring waar ons meer van die planete geleer het," het Madia Steenkamp, 'n graad 11-leerder opgemerk.

Dié groep verdien elke kwartaal 'n inkomste van sowat R500 wat gebruik word vir die aankoop van bome en om groen dromme aan te skaf. Leerders en onderwysers kan wit papier in die groen dromme gooi om sodoende die Groengroep te ondersteun.

"Ons wil groot gaan met herwinning en sien alreeds uit na volgende jaar," was die aktiwiteitshoof, me. Van den Berg, se woorde.

'n Bak plan vir 'n bakprojek

MARTHINUS SCHOOMBIE

Ek is 'n Ster, is 'n geldinsamelingsprojek onder leiding van me. Poedels du Plessis, Cecilé Meyer (die voorsitter van die VRL) en die graad 11 VRL-lede wat jaarliks geloods word.

Om fondse te in word daar tradisioneel, onder andere, gedurende pouse koekverkopings gehou. Dié jaar is iets nuuts aangepak. 'n *Ek is 'n Ster*- week waartydens die hele skool kolwyntjies kon bestel om aan 'n spesiale persoon te gee, is gehou. Dit was 'n opwindende week waar vriendskaps- en lewensbande tussen leerders gevier is. Dit het 'n geweldige, positiewe effek op die gees van die skool gehad en boonop 'n verskil aan minderbevoorregte kinders se lewens gemaak. Die fondse is gebruik om die Tsepang-huis finansieel te help. Die jaar kon daar in 10 kinders se basiese behoeftes voorsien word.

Daaglikse items soos komberse, beddegoed en toiletware kon met hierdie geld aangekoop word om sodoende 'n daadwerklike verskil te maak. "Baie van ons kinders is nie altyd bewus van hoe swaar sommige ander kinders in die gemeenskap kry nie. 'n Projek soos hierdie laat die oogklappe vinnig afval," sê Du Plessis.

Om 'n groter wins te kon toon, het die graad 11 VRL-lede besluit om voorskote aan te trek en die kolwyntjies self te bak. Die res van die VRL-lede het geld en bestanddele ingesamel. Aanvanklik is beoog om 600 kolwyntjies te verkoop, maar die aanvraag het gestyg na 1800.

"Ek dink die *Ek is 'n Ster*- projek was nog nooit so 'n groot sukses nie. 2013 was die eerste jaar waar die kinders kon voel dat hulle persoonlik 'n bydrae gelewer het. Om 'n kolwyntjie te ontvang, met 'n mooi boodskap daarop, was vir baie leerders betekenisvol," sê Meyer.



Meer as 1800 kolwyntjies is tydens vanjaar se 'Ek is 'n ster'-projek gemaak. **Foto: Verskaf**

OP DIE Kultuur-kalender

2 OKTOBER
Voortrekker Kommando
Opening (Rolbal Offisiere)

7 OKTOBER
Waardeweek

9 OKTOBER
Voortrekker Spanbyeenkoms
Prysuitdelingsfunksie

10 OKTOBER
SMA Prestige Konsert

12 OKTOBER
Tralienuus S08E01

16 OKTOBER
Voortrekker Verkennersraad

18 OKTOBER
Damesaand

19 OKTOBER
Tralienuus S08E02

18-20 OKTOBER
VCSV Kringleierskamp
Voortrekkers "Damjol"

26 OKTOBER
Voortrekkers Vrystaat
Jeugberaad

27 OKTOBER
Tralienuus S08E03

30 OKTOBER
Voortrekkers Toekenningsaand
Seremonie Gr 8

31 OKTOBER
Voortrekkers Sluitingsdatum
Volkstrots-Take

6 NOVEMBER
Voortrekker Kommando
Bestuur Afsluiting

8 NOVEMBER
Ondersteunersklub-opening

Kop aan kop om die beste te wees

Leandrie Slabbert, vierde beste junior redenaar in SA



Tralies is gefokus en baie ernstig oor redenaars. **Foto: Verskaf**

CARMIN VERMAAK

Drie rondtes, twee provinsies en een kans om jou stem dik te maak en jou opinie te laat geld.

Die ATKV-Nasionale Redenaars-kompetisie het hierdie jaar in hulle junior afdeling sowat 6000 inskrywings ontvang. Leandrie Slabbert, 'n graad 9-leerder aan die Hoërskool Sentraal, is tydens die finale rondte van die kompetisie as die vierde beste redenaar in Suid-Afrika gekroon.

Slabbert het in graad 4 met redenaars begin om haar vrees om voor mense te praat, te oorkom. "Met die verloop van tyd het redenaars my selfvertroue verbeter en alhoewel ek nog steeds voor die tyd bang raak om voor 'n gehoor te praat, is dit altyd na die tyd lekker om te weet dat jy jou mening met mense kon deel." Slabbert het in Hartenbos tydens die finale rondte van die ATKV-Nasionale Redenaarskompetisie haar mening gelug en die gehoor van haar standpunte oortuig.

Tydens die finaal het elke deelnemer slegs onvoorbereid gepraat. Inligting oor die onderwerp word aan die deelnemers gegee waartydens hulle dan in die gegewe tyd van 120 minute 'n toespraak moet voorberei. Die onderwerp wat hierdie jaar aan die juniors, graad 8 tot 9, gegee is, is "Suid-Afrikaners is bewaringsbewus." Te same met 23 ander redenaars het elke deelnemer ses minute gekry om die gehoor van hulle standpunt te oortuig. "Dit was my eerste keer om in die finaal te kan praat. Dit was 'n ongelooflike ervaring om my denke en talent om te redeneer, te openbaar."

Volgens Slabbert behels redenaars-kompetisies meer as net om voor mense te kan praat. "Dit gee 'n mens selfvertroue en vorm jou menswees."

HW/PV - proses nie maklik nie

DANIELLE GIORGI

'n Nasionale toekenning van enige aard is 'n prestasie. Vyf Voortrekkers van die Werk-en-Wen kommando het juis só 'n toekenning as 'n President Verkenner (PV) behaal.

Die Hoërskool Sentraal se twee kommando jeugleiers, Lenika Vosloo en Cornel Vermaak, asook Mika Meintjies en Geniel van Zyl het almal PV-toekennings gekry. Stephan Diedericks het 'n Hoofleier Wag (HW)-toekenning ontvang.

"Om vir 'n PV-toekenning in aanmerking te kom behels die volgende: gedurende jou Voortrekkerloopbaan versamel jy punte deur ander toekennings te verwerf, twee take in te handig en daarna 'n keuringseksamen af te lê waarna jy op die PV-kamp gaan," het Vosloo gesê.

Hierdie jaar se PV-kamp het te Hartebeesfontein by 'n kampterrein naby Pretoria plaasgevind. Daar was Voortrekkers van regoor Suid-Afrika, asook 'n kommando van Namibië.

"Dit was ongelooflik lekker om saam met Voortrekkers van oor die hele Suid-Afrika te kamp en nuwe mense te leer ken," het Vermaak gesê.

Gedurende die PV-kamp word afrikaner-, burger- en christenskap (die abc van die Voortrekkers) getoets.'n Paneel van drie offisiere toets bogenoemde komponente. Tydens die tweede deel van die kamp word emosionele leierskap getoets waar die lede in groepe verdeel en debatteer.

Verjaardag opge'jazz' deur Musiek-Akademie



CARMIN VERMAAK

Die Hoërskool Sentraal se Musiek-Akademie het met 'n aand van kuns en kultuur die skool se 108e verjaardag luisterryk gevier.

Die jolyt het begin met die Jazz-ensemble se vertolking van die immergroen liedjie *Summertime*. Hierna is die gehoor meegevoer deur 'n keurspel van individuele items op meer as twaalf verskillende instrumente. Dit was 'n kleurvolle verskeidenheid van klank.

Tydens dié aand is die nuut gestigde Sentraal Teatergroep, onder leiding van Retha Pool, ook bekendgestel met 'n monoloog oor die Barbie-pop. 'n Spreekkoor het 'n aangrypende vertolking van *Die Stilte*, geskryf deur Nathaniël, gelewer. Eie Haard het heerlike sop en broodjies tydens pouse aan almal bedien. Na pouse het die Opera Studio Mozart se eenbedryf opera *Bastien und Bastienne* opgevoer. Mozart se musiek, vertaal en verwerk in Afrikaans, het 'n nuwe generasie aanhangers ryker geword.

Vir sommige musici was die aand ook 'n geleentheid om hulle praktiese assesseringstake vir die vak Musiek te voltooi en uitstekende punte vir hulle spel te verwerf.

Die hoof van die Musiek-Akademie, mnr. Hans Potgieter, sê: "Die hoë gehalte van hierdie suksesvolle aand is alles te danke aan die harde werk van talentvolle Tralies en hulle onderwysers."

REDAKSIE 2013

REDAKTEUR
Cornel Vermaak

SUB-REDAKTEUR
Hannelore Lubbe

NUUS
Inge Schoeman – Bladredakteur
Madia Steenkamp
Paul Schall
Schalk Swart
Anja Siemens

JOERNAAL
Benno van Wyk – Bladredakteur
Brandon Daffue
Hannelore Lubbe

SPORT
Cecilé Meyer – Bladredakteur
Johan Kriek
Marja-Lise Nel
Martinique Ferreira
Cara Potgieter

KULTUUR
Carmin Vermaak – Bladredakteur
Berna Coetzee
Paul Joubert
Danielle Giorgi
Marthinus Schoombie

KOSHUIS
Sume Theron – Bladredakteur
Elrie Meyer
Elzandré Kruger
Bernadette Veldsman

REKLAME Danielle Giorgi

SPOTPRENTE Linka Bitzer

FOTO'S Linka Bitzer

REDAKSIONELE KOMMENTAAR

Tralie Varia - beslis vir alle Tralies

CORNEL VERMAAK



John Green meen dat 'n bevredigende leeservaring baie meer werd is as die papier waarop die produk gedruk is. Dit spruit voort uit harde werk en deursettingsvermoë.

Aan die einde van my avontuur as redakteur van die Tralie Varia kan ek met groot vreugde sê dat die redaksie definitief hulle doel vir 2013 bereik het. Daar is vir elke Tralie die beste moontlike leeservaring gebied.

Die Tralie Varia poog al vir die afgelope dertien jaar om die beste skoolkoerant in Suid-Afrika te wees. Die droom is in 2013 verwesenlik.

In hiérdie uitgawe bewys die Tralie Varia weereens dat dié koerant die kroon met trots kan dra. Paul Schall en Schalk Swart berig oor 'n waaghalsige Tralie wat Kilimanjaro getem het. Hannelore Lubbe maak haar bevindings, oor die swak taalgebruik in departementele vraestelle, bekend. Die hoogtepunt waaroor Inge Schoeman berig, is die opening van die Tralie-Media Ateljee.

Volgens Alfie Kohn, 'n Amerikaanse skrywer op die gebied van opvoedkunde, is daar drie aspekte in die lewe waarna die mens streef. Aanvaarding, respek en erkenning. Almal sal saamstem dat die Tralie Varia (vir al die Tralies) aan hierdie aspekte voldoen.





PLATO SE GROT

Daar word amptelik aanvaar dat die leerderraadslede die “leiers” van die leerders is. Maar is dit werklik die waarheid?

Skoolkinders het verskeie doelwitte. Sommige daarvan is egter belangriker as ander: soos om vir die eerste rugby- of netbalspan gekies te word; om een van die top tien akademiese presteerders in jou graad te wees; om nuwe talent en belangstellings te ontdek. Die lys is legio. Tog kan dit sekerlik aanvaar word om as 'n leerderraadslid verkies te word, een van die grootste prestasies is wat ’n skoolkind kan bereik.

Wat behels dit om 'n leier te wees? Tegnies is dit 'n persoon wat in beheer is van 'n sekere saak d.w.s. 'n persoon wat saam met ander leiers besluite moet neem aangaande die verantwoordelikhede wat aan hulle opgedra is. Voorbeelde van leiers in ons land is byvoorbeeld die regering, die rektor van 'n universiteit en die redakteur van 'n tydskrif.

Kan 'n leerderraadslid homself egter as 'n leier beskou? Dit is moeilik om as 'n individualistiese leier uit te staan in 'n gietvormmilieu. Leerderraadslede word gelei deur die onderwysers om toe te sien dat die leerders die skoolreëls nakom. Hulle neem dus nie innoverende besluite rakende dissipline nie. Is die onderwysers nie éintlik die leiers nie?

Kan 'n leerderraadslid enigsins as 'n leier gesien word of is hulle maar net die skool se blou skerpioene? Dit verg 'n baie spesiale leerder om 'n leier in die regte sin van die woord te wees.

Mense volg nie 'n ware leier op grond van sy uiterlike nie, maar a.g.v. die voorbeeld wat hy stel. So wat is jy - 'n lui volger of die volgende leier?

- Wysgeer

GEDAGTES AGTER TRALIES


Geagte Redakteur

So lees ek toe een droewige, vervelige Woensdagmiddag deur my Bakkiesboek nuusinsetsels. Net toe my duim begin kramp, van al die scroll op die nuusblaai, kom ek toe op 'n juweel af.

Dalk ken jy dié soort Bakkiesboek statusboodskappe. Een van dáárdie wat jou aan jou koffie laat stik. Dit laat 'n mens wonder of toelating tot Bakkiesboek nie dalk aan 'n IK-toets gekoppel moet word nie. Geagte redakteur, die statusboodskap lui: “Ek dink nie ek gaan my trouman in Bloemfontein ontmoet nie.”

Interessanter as die inskrywing is die feit dat die betrokke skrywer, van hierdie sosialenetwerk-cullinin, slegs in graad 12 is. Ek moes amper my duime laat amputeer om myself van kommentaar te weerhou. Ek dink 'n mens moet versigtig wees met woorde en foto's wat die kuberruimte ingejaag word. Ons vergeet dat ons ons aan (soms genadelose) kommentaar van die Bakkiesboek user blootstel.

- Bekommerde Bakkiesboek besoeker



Akademie: Die kernbesigheid van die skool

BRANDON DAFFUE

Die Hoërskool Sentraal se Junie eksamenpunte was 'n skok vir sommige leerders of 'n plesier vir ander.

Dié skool het 'n visie om die tradisie van hoë akademiese standaarde, wat reeds in 1905 begin is, in stand te hou. Die skool se gemiddeld is op standaard, alhoewel daar 'n paar knelpunte in sommige grade voorkom.

Die Wiskunde van graad 9 verg op hierdie stadium aandag. Take wat nie op sperdatums ingehandig word nie asook mondelinge wat in beide die tale nie gelewer word nie, beïnvloed die evalueringspunt.

Die eerste kwartaal se toetreeks en die Junie-eksamen se uitslae moet nie vergelyk word nie. Die verskil ontstaan omdat die een 'n toetsreeks en die ander 'n volledige eksamen is. Die eerste drie kwartale se evaluering bestaan hoofsaaklik uit asseseringstake en dra slegs 25% gewig van die slaagvereiste. Die probleem spruit dus voort uit die feit dat die finale eksamen 75% van die gewig dra. Laasgenoemde kan in 'n positiewe of negatiewe lig beskou word. Leerders wat gedurende die jaar nie noodwendig hulle sokkies hoog genoeg opgetrek het nie kan, met die nodige harde werk, hulle punte verbeter. Spreekwoordelik kan 'n mens sê dat die boer wat versmaai om vroegtydig te saai; se oes nie sal lyk soos hy moes.

Goeie akademiese resultate is vir die meeste leerders 'n prioriteitsaak. Mnr. Du Toit Neethling, akademiesehoof aan die Hoërskool Sentraal, het gesê: "*Werk en Wen*. Indien almal hierin inkoop, sal Sentraal nog hoër hoogtes kan bereik."

Punte vir persoonlikheid is 'n mite

Witbroodjies ontvang nie bonuspunte van onderwysers nie



BERNA COETZEE

Volgens 'n onlangse studie wat onder hoërskoolleerders gedoen is, is mooier en vriendeliker mense meer geneig om suksesvol te wees. Dit sluit aan by die vraag of onderwysers kinders van wie hulle hou meer bevoordeel.

In 'n opname onder die leerders aan die Hoërskool Sentraal, het sowat 70% gesê dat hulle al voorheen benadeel is deur 'n onderwyser wat nie van hom of haar hou nie. 90% van dié leerders voel dat daar aan sommige, op grond van hulle persoonlikheid, meer punte toegeken word.

'n Paar onderwysers stem egter nie saam nie. "Ek probeer my bes om objektief na elke vraestel te kyk. Dit gaan nie oor 'n sekere leerder nie, maar slegs oor hoe die vraestel beantwoord is," was me. Johrensa Theron se mening.

Me. Wilma Laux se raad was dat onderwysers elke vraag apart moet merk en nie doelbewus na die name moet kyk nie. "As 'n leerder voel dat hy of sy benadeel word, is dit die beste dat hulle persoonlik met die onderwyser gaan praat. Onderwysers maak ook soms foute," sê sy.

Carmin Vermaak, 'n graad 11-leerder aan die Hoërskool Sentraal, het dié opmerking gemaak: "Dis net menslik om meer van een leerder as van 'n ander te hou. As jy negatief of oneerbiedig teenoor 'n onderwyser optree, moet jy nie verwag dat die voordeel van die twyfel in jou guns sal tel nie."

Moet skryf *f*raestel nie...

HANNELORE LUBBE

"*Rommelstrooning is 'n vorm van beoedigling*". So klink 'n stelling uit 'n Lewensoriënteringvraestel vir graad 6-leerders. Met die eerste oogopslag kielie dit die lagspiere.

Alhoewel dit verkeerd geskryf is en daar nie sulke woorde in Afrikaans bestaan nie, kan 'n mens agterkom wat dit beteken. Wanneer daar egter aan 'n hoërskoolleerder in 'n Wiskundevraestel gevra word om die *kwartaal* van 'n *rekenkundige ry* uit te werk, kan dit baie verwarring veroorsaak. Veral as die minute verbytik terwyl die betekenis van die vraag van alle kante nagespeur word. Wie het al gehoor van 'n *sneeustoring* of 'n *aardbewering*? In Aardrykskunde veroorsaak dit dat die ware *betekenis* van terme verlore gaan en daar nie voorsiening gemaak word vir leerders se voorreg om 'n regverdige kans te kry om dit wat hulle geleer het, weer te gee nie.



Die geestigheid en verwarring eindig egter nie hier nie. In 'n Besigheidstudievraestel van gr. 11 kom die volgende vrae voor: "*Het die geleentheid vir die besigheid homself voorstel? Hoekom sê jy so?*" en "*Noem sommige van die dreigement dat jy dink dat die entrepreneur het tot aangesig?*" Dit sou net billik wees om erkenning te gee dat die woord 'entrepreneur', wat vir die ongeoefende tong 'n knoper kan wees, wel reg gespel is! Dit is waarskynlik korrek omdat vraestelflaters dikwels veroorsaak word wanneer vraestelle uit Engels vertaal word. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat sommige vertalers nie bedrewe is in die tale ter sprake nie.

Tydens die rekordeksamen word die volgende aangetref: "*Die eienaar van 'n spaza-winkel doen sy bes om bekostigbare toebroodjie te maak. Die tabel onder bevat besonderhede van die maaltyd. Die laaste en tweede artikel nadat hy die toebroodjie as 'n lemoen gevat het.*"

Wanneer die onderwysdepartement gekonfronteer word met die swak standaard van vraestelle waarin die herhaling van woorde, onverstaanbare woorde, spelfoute, onlogiese-, lomp- en onsamehangende sinne voorkom, het dit natuurlik groot verleentheid tot gevolg. In die verlede was daar selfs sprake daarvan dat amptenare van beweerde nalatigheid aangekla sou word.

Vraestelflaters, niksseggende opskrifte, irrelevante en swak geformuleerde leesstukke en inhoud wat nie die standaarde van 'n skool weerspieël nie duik steeds op.

Die vraag kan met reg gevra word of die tyd nie dalk aangebreek het om die skool se misnoeë hieroor aan die onderwysdepartement uit te spreek en hulp aan te bied om die probleem vir eens en vir altyd hok te slaan nie.

FLIEKRESENSIE

Despicable Me 2 'n reuse sukses

Regisseur: Pierre Coffin en Chris Renaud
Vrystellingsdatum: 20 Junie 2013
Genre: Komedie
Stem-akteurs: Steve Carell, Kristen Wiig, Miranda Cosgrove en Russel Brand.

BENNO VAN WYK

Despicable Me 2 se verhaal begin min of meer waar die oorspronklike film geëindig het. Gru (Steve Carell) het meer 'n vaderfiguur aangeneem as voorheen en is die ideale patriarg vir sy aanneemkinders: Margo (Miranda Cosgrove), Edith (Dana Gaier) en Agnes (Elsie Fisher). Na die aanneming van dié drie het Gru verander van die man wat die maan gesteel het, na 'n wetsgehoorsame burger. Gru se lewe is perfek behalwe vir een ding: Margo, Edith en Agnes kort 'n moederfiguur.

Geheime agent Lucy (Kristen Wiig) word deur die *Anti-Villain League*, waarvan Gru deel is, aangestel om te help met sy soektog na die skurk wat die Arktiese laboratorium gesteel het.

Carell en Wiig is 'n gedugte kombinasie om die rolle van Gru en Lucy te vertolk. Hulle unieke persoonlike eienskappe komplimenteer die karakters nog meer. Verder sorg Gru se klein geel volgelinge (*minions*) vir baie vermaak en laat 'n mens gereeld kliphard lag. 'n Groot gedeelte van die film handel ook oor hulle en 'n mens wonder of die film sonder hulle 'n sukses sou wees.

Die film sal persone van alle ouderdomme laat giggel en soms uit hulle mae laat lag. Alhoewel die intrige soms voorspelbaar is, bly *Despicable Me 2* 'n goeie 7/10 film.



Koshuisbrakke kan hard Blaf

INGE SCHOEMAN

Die Blaf is 'n tradisionele koshuisblad wat elke jaar in die hande van die koshuis-inwoners beland.

Al die interessante nuusgebeure wat in die Eie Haard Koshuis plaasvind, word in dié blad gepubliseer.

Die Blaf-redaksie bestaan uit tien graad 11-leerders. Die span bestaan uit: Anchen Naudé, Comien du Plessis, Chané Uys, Carlise van der Merwe, Celesté Wentzel, Barend Prinsloo, Fanie du Randt, DP de Lange, Neels de Coning en Lafras Bekker. Eersgenoemde, Naudé, is die hoof redaktrise van die redaksiespan.

"Die Blaf vergestalt die gees van die koshuis. Die lees daarvan verskaf humor aan die kinders en hou hulle op hoogte van sosiale gebeure," vertel Naudé met oorgawe.

Die Blaf verskyn drie keer per jaar. Die inhoud beslaan gewoonlik die volgende: die Liefdeshoekie, die Bytblad, die Skinderhoekie (en net vir die pret) Matrieks oor tien jaar. Die koshuisleerders lag lekker oor die humoristiese inhoud.

Die redaksielede reël jaarliks twee groot funksies naamlik die Mnr. en Mej. Valentynfunksie en Die Blaf-toekennings. Albei funksies is semi-formeel. Dit is dié geleenthede van die Eie Haard Koshuis wat geen mens wil misloop nie!

Slegs graad 12-leerders van die koshuis mag aan die kompetisies deelneem. Tydens die Blaf-toekennings, word al die koshuisleerders betrek. Individuele stemme bepaal dan wie die wenners van die kompetisies is.

"Die hoogtepunt was al die ure wat ons as groep saam deurgebring het, die saam lag en almal se ondersteuning. Dit het bygedra tot die blad se sukses," sê Naudé. Du Plessis voeg by, "Die kreatiewe idees van die Eie Haard koshuisleerders en dat ons almal bereid was om saam te werk het tot die wenresep bygedra."

Eie Haard se krag kom van Bo

Leerders kan hulle godsdiens met vrymoedigheid uitleef



Elizabeth Olivier, graad 9-koshuisleerder bid. **Foto: Verskaf**

ELRIE MEYER

Een van die vele voordele om deel te wees aan die Hoërskool Sentraal se koshuis, Eie Haard, is die feit dat die koshuiskinders hulle Hemelse Vader belangrik ag.

Die koshuiskinders word elke oggend stiltetyd gegun om sodoende die dag op die regte wyse te begin. Sommige van die leerders hou elke oggend 'n selgroep. Hier maak hulle tyd om oor hartsake te praat en vir mekaar te bid. Die gewyde klanke van rustige musiek vul sommige oggende die koshuisgange.

Die spontaneïteit van die seuns, wat na elke maal vir die voedsel dank, maak etes 'n unieke belewenis. Die koshuisinwoners woon elke Woensdagaand kategese by.

Ds. Jan Lubbe aan die Berg-en-Dal Gemeente se aanbieding is altyd prakties en inspirerend en veral die tieners vind aanklank daarby.

Francois Maritz, teologiestudent aan die Universiteit van die Vrystaat (UV), lei elke Donderdagaand die Verenigde Christenstudentevereniging (VCSV) geleentheid in Eie Haard.

Daartydens kry elke seun en dogter die kans om 'n boodskap te ontvang asook om die Here se naam deur loof-en-aanbidding te verheerlik.

Die inwoners neem ook inisiatief deur addisionele selgroepe by te woon, waartydens godsdiens verder ontwikkel word. Eie Haard Koshuis is definitief 'n inspirasie vir leerders wat hulle godsdiens ernstig opneem.

Sumé Theron, VCSV- leier aan die Hoërskool Sentraal, sê dat daar beslis 'n geestelike oplewing onder die koshuis-leerders plaasvind. “Ek is eintlik baie afhanklik van my selgroep, veral as dit rof gaan tydens die kwartaal. Dit is lekker om te weet dat daar altyd iemand is wat deur dieselfde emosies gaan,” sê Nicola van Zyl, graad 8-koshuisinwoner.

Sotwees is nie vir sissies nie

ELRIE MEYER

Die graad 8-leerders aan die Hoërskool Sentraal is nie die eerste of laaste graadgroep wat 'n boek vol lewenslesse en herinneringe saam met hulle matriekma's en matriekpa's kon skryf nie. Hierdie reis van buitestander tot alma mater is 'n eeue oue tradisie en word uiteindelik een van 'n hoërskoolkind se kosbaarste herinneringe.

Die onbekendheid van Eie Haard Koshuis was aanvanklik 'n struikelblok vir die graad 8-groep. Laat aande se oriëntering waartydens daar gesing en opvoerings gehou is, was uitputtend, maar op hierdie manier is kosbare vriendskappe met seniorleerders gevorm.

Dit was vinnig duidelik dat die lewe van 'n volwaardige Tralie nie vir sissies is nie. “Die matriekleerders het in die ware sin van die woord voetspore nagelaat waarin ons kan volg. Wanneer die matrieks se ligte tot in die vroeë oggendure brand gee dit ons 'n eerstehandse voorsmakie van hoe hard ons ook eendag sal moet leer,” sê Janine de Beer 'n graad 8-koshuisinwoner.



Graad 8-koshuisinwoners waardeer kosbare vriendskappe. **Foto: Verskaf**

Niks lekkerder as lekker eet en dans nie

ELZANDRÉ KRÜGER

Twee weke voor die Osbraai is dit 'n gewoel en gewerskaf om alles vir hierdie spesiale geleentheid by die Eie Haard Koshuis gereed te kry. Wanneer die dag uiteindelik aanbreek, vul wonderlike geure die koshuis en die musiek skep 'n feestelike atmosfeer.

Die Osbraai is 'n jaarlikse geleentheid en mag onder geen omstandighede misgeloop word nie. Tydens hierdie geleentheid kuier al die ouers en die Eie Haarders saam en so word nuwe vriendskapsbande gesmee. Niël le Roux, hoofseun aan die Hoërskool Sentraal en die Eie Haard Koshuis, het die massiewe os geskenk.

Die os is die Donderdagaand voor die osbraai gespit. Die matrieks het natuurlik die wonderlike voorreg gehad om hand by te sit en almal het heerlik saam gekuier.

Baie ouers en Eie Haard Brakke het die Vrydagaand die geleentheid bygewoon. Mnr. Cobus Odendaal (koshuisvader) het die verrigtinge geopen deur sy waardering aan koshuisouers, wat Eie Haard vertrou met hulle kosbaarste besitting - hulle kinders, uit te spreek. Le Roux het 'n tafelgebed gedoen en daarna het almal weggeval en aan die heerlike kos gesmul.

“Die kos was voortreflik en dit was die begin van 'n heerlike aand,” sê Elsabé Vlotman, 'n inwoner aan die Eie Haard Koshuis.

“Almal het lekker gedans en besef dat sakkie-sakkie nie net die sakkie is waarin pa sy twak hou nie,” vertel 'n graad 8 - inwoner lag-lag. Voorwaar 'n aand om te onthou!

Die hoofleiers vertel van hulle ondervinding

BERNADETTE VELDSMAN

Die tyd het weer aangebreek om die hoofleiers van 2013 te groet en die leisels oor te gee.

Theané Pieterse, hoofdogter aan die Eie Haard Koshuis gedurende 2013, het die volgende kommentaar gelewer: “Die nuwe leiers moet onthou om elke oomblik te benut sodat hulle kan terugkyk met die wete dat hulle hulle beste gelewer het."

Haar raad aan die nuwe hoofleiers is dat hulle hulp wat aangebied word moet aanvaar en nie alles self moet aanpak nie. "Fokus op jou en jou mede-leiers se sterkpunte," het sy verder gesê. Die dogters van die Eie Haard Koshuis stem saam dat Pieterse 'n navolgenswaardige leier was. Die seuns se mening oor Niël le Roux, hoofseun aan die Eie Haard Koshuis gedurende 2013, was ook baie positief. Hulle het eenstemmig verklaar dat Le Roux 'n inspirerende voorbeeld van sportman-, leier- en christenskap was. “Dit was 'n baie goeie jaar vir die koshuis. Ek hoop die hoofleiers van 2014 sal die voorbeeld kan navolg,” sê Gerhard Steyn, 'n inwoner aan die Eie Haard Koshuis.”

Rugby kraai koning in Bloemfontein

Jonger spanne se oorwinnings is soos reën op droë grond

JOHAN KRIEK

Nog 'n rugbyseisoen het gekom en gegaan. Saterdag na Saterdag het die Hoërskool Sentraal Bloemfontein se rugbyvelde met bobaas rugby aan die brand gespeel. Drie-en-twintig trotse manne as 'n span.

Die plaaslike liga is op en van die veld af deur die Hoërskool Sentraal gedomineer. Die Tralies het hulle manne met skreeuende stemme ondersteun.

Die liga finale het op Saterdag, 17 Augustus plaasgevind. Die Tralies het met vier spanne in die verskeie finale gespog waarvan die o.14A- en o.15A-span gesamentlike wenners was en die o.16A-span die liga gewen het. “Die afgelope 3 jaar was vir ons span ’n groot leerskool,” sê Kobus Lombaard, kaptein van dié span.

Die o.15A-span het aan die finaal van die Kovsie Sentrale Streek rugbyliga teen die Hoërskool Noord-Kaap deelgeneem. Die Hoërskool Noord-Kaap het as oorwinnaars uit die stryd getree. Die telling was 23-8.

Rocco Willemse, kaptein van die o.15A-span, het gesê: “Ons het vele hoogtepunte beleef waar ons span as wenner uit die stryd getree het asook 'n paar oomblikke waar ons moed ons wou begewe. Ons het 'n goeie spangees gehad en het aan die einde van die seisoen besef dat dit nie altyd saakmaak wat die telling is nie, maar dat ons steeds sal saamstaan.”



Kobus Lombaard, kaptein van die o.16A-span, speel sy hart uit. **Foto: A Tack**

Terwyl jy jou gewig dra kan die maan jou moontlik pla

CECILÉ MEYER

Die Hoërskool Sentraal se fietsryers neem deel aan 'n reeks pret fietswedrenne genaamd *Moonlight Mass*.

Verskeie nagritte vind plaas gedurende die tydperk 22 Augustus tot en met 17 Desember 2013.

Dit is 'n besondere ervaring om aan die ritte deel te neem. Die ritte het almal verskillende temas wat uitgebeeld moet word. Dit alles dra by tot die vrolike stemming van die aand.

Een van die temas was Superhelde. “'n Mens voel waarlik soos Superman wanneer 'n mens vinnig deur die strate van Bloemfontein blits,” sê Rikus de Swardt, graad 11-fietsryer. *Surfer Vibes* en *So Fluffy I could Die* was nog van die temas wat die fietsryers baie geniet het.

Enige lid van die publiek is welkom om deel te neem. Die wegspringpunt is McDonalds in Nelson Mandelarylaan. Die fietsryers se veiligheid word verseker omdat hulle deur lede van die plaaslike verkeersdepartement begelei word.

Me. Reanda van Pletzen, afrigter en onderwyser aan die Hoërskool Sentraal, sê: “Ek is bevoorreg om met hierdie groep pligsgetroue fietsryers te kan werk omdat hulle so gemotiveerd is. Die Hoërskool Sentraal se fietsryspan gaan elke jaar van krag tot krag.”

Oë van kindsbeen af gefokus op teiken

MARJA-LISE NEL

Bereidwilligheid, aanpasbaarheid, deursettingsvermoë en harde werk is eienskappe wat bygedra het tot 'n uitstekende skietseisoen vir die skuts aan die Hoërskool Sentraal.

Skyfskiet bestaan uit 'n aantal komponente waar gewere en pistole gebruik word om na teikens oor bepaalde afstande te skiet. Die T200 en MPR-gewere skiet beide met gas. Daarom meer bekend as luggewere.

Deelnemers skiet oor 'n afstand van 10m met platpunt windbukspatrone na teikens met ongeveer die grote van 'n coke-blikkie se bodem. Wat dit nog meer uitdagend maak is die feit dat die kolskoot net-net groter as 'n vuurhoutjiekoppie is.

Dit is 'n veeleisende sport en verg baie toewyding en harde werk van beide afrigters en skuts.

Twee leerders aan die Hoërskool Sentraal, Nelius Uys (graad 12) en Barend Prinsloo (graad 11) is ingesluit in die Vrystaatspan vir 2013. Die leerders het gedurende die Septembervakansie aan die SA-kampioenskap gaan deelneem.

“Hierdie manne het hulle uitstekend van hulle taak gekwyt. Hulle het 'n natuurlike aanvoeling vir skiet en is altyd bereid om ekstra oefening in te sit wanneer dit die nodigste is,” sê me. Margretha Rodgers, aktiwiteitshoof aan die Hoërskool Sentraal.

Uys beoefen vir die afgelope 5 jaar skyfskiet as buitemuurse aktiwiteit. Hy is vir die vierde agtereenvolgende jaar as 'n lid van die span gekies. Hy het reeds tydens die kwalifiserende proewe te Bloemfontein 11e in die land geëindig. Die Hoërskool Sentraal beskik oor uitstekende fasiliteite om die skuts te kan akkommodeer.

Volgens Uys is een van die eienskappe van 'n skut goeie konsentrasievermoë.

Uys se boodskap aan die Tralies is: “Skyfskiet is 'n sport wat baie onderskat word. Hou moed en hou aan oefen, dan sal jy wel eendag die vrug daarvan pluk!”



'Tentpegging' is nie net vir kavaliers nie



Georgie op haar merrie, Alexis. **Foto: Verskaf**

CECILÉ MEYER

Georgie Jansen van Rensburg, 'n graad 10-leerder aan die Hoërskool Sentraal, is 'n entoesiastiese Gymkhanadeelnemer.

Sy het haar Vrystaatkleure en ook 'n goue medalje in die individuele-swaard-afdeling verwerf.

Alri Vorster, graad 10-leerder aan die Hoërskool Sentraal, beoefen ook hierdie uitdagende sport. Vorster en Van Rensburg sal in Desember 2013 in die Paarl te sien wees waar hulle en hulle perde kragte sal meet teen van die beste *Tentpegging* deelnemers in Suid-Afrika.

Van Renburg, 'n plaasmeisie van die Noord-Kaap, het grootgeword in 'n omgewing waar sy bevoorreg was om hierdie sport, wat reeds voor die Anglo-Boereoorlog deur Britse kavaliers bekendgestel is, van kleins af uit te leef en te beoefen. Die feit dat hierdie ruiter in die Hoërskool Sentraal se koshuis, Eie Haard woon, beperk egter haar oefentyd geweldig. Sy laat hierdie struikelblok egter geensins toe om haar passie vir die sport te demp nie.

Tentpegging is uniek in die sin dat dit die enigste perdesport is wat beide individuele en span komponente insluit. Sowel mans, as dames en kinders kompeteer teen mekaar. Dit is 'n gesinsport wat vriendskapppe op 'n unieke manier bou.

Van Rensburg se mening oor *Tentpegging* is: “As deelnemer moet ek 'n vaardige ruiter wees. Dissipline, fokus en absolute presisie is ononderhandelbaar. Ek moet in staat wees om in 4.5 sekondes (oor 'n afstand van 50m) penne en ringe raak te steek. Dit het my geleer om senuwees van staal te hê en my perd ten volle te vertrou.”

Tralienetbal swaai weer die septer

In die Hoërskool Sentraal is netbal meer as net 'n sport

MARJA-LISE & CARA

Danksy toewyding, ure se sweet en harde werk, is die Hoërskool Sentraal met 'n skitterende netbalseisoen beloon.

Nege van die twee-en-twintig netbalspanne, is as ligawenners van 2013 gekroon. Die o.14-, o.15-, o.16- en o.19A-span het die Vrystaattrofee verower.

Die o.15, o.16 en o.19's het gedurende die eerste naweek in Augustus aan die SA-Skole netbaltoernooi in Boksburg deelgeneem.

Die beste skole in Suid-Afrika het meegeding. Aanskoulike netbal is deur al die Traliedogters gelewer. Die o.15's het 'n 8e-plek behaal. Die o.16's het 10e in Suid-Afrika geëindig.

Die matrikulante het die voorreg gehad om hulle blokrokkies vir een laaste keer oor hulle koppe te kon trek. Die eerstespan het eerste in hulle uitspeelgroep geëindig. Hulle wen Volkskool Potchefstroom (38-18), wen Secunda (36-18) en wen die Hoërskool Waterkloof (27-21) – wat algeheel derde geëindig het. Hulle speel gelykop (22-22) teen die Hoërskool Ben Vorster.

Daarna het die eerstespan in die kwarteindrondte vasgeval en teen die Hoër Meisieskool Oranje, (23-26) verloor. Die nederlaag kon hulle nie onderkry nie en hulle wen Potchefstroom Gimnasium, (26-24). Na 'n spanningsvolle laaste rondte het die eerstespan algeheel 6e in Suid-Afrika geëindig nadat hulle (22-26) teen Menlopark verloor het.

"Dit was 'n ongelooflike suksesvolle jaar. Ons is baie trots om te kan sê dat al drie ons A-spanne onder die top 10-skole in Suid-Afrika geëindig het," het me. Saré Hattingh, die aktiwiteitshoof, gesê.



Tralies o.19A-netbalspan vier die oorwinning van die Vrystaattrofee. **Foto: K Ferreira**

blitzsport

Op pad na nuwe hoogtes in Italië

JOHAN KRIEK

Die spoeg spat en vuiste swaai met oë gefokus. In hierdie sportsoort is dit nie 'n oog vir 'n oog, tand vir tand of draai die ander wang nie. Die skare juig en Gerrit tree as wenner uit die stryd.

Gerrit du Toit, 'n graad 11-leerder aan die Hoërskool Sentraal, was skaars drie jaar oud toe hy met skopboks begin het. Hy het verlede jaar van Fiksburg na Bloemfontein verhuis. Hy het besluit om 'n nuwe uitdaging aan te pak en het met gemengde vegkuns (Mixed Martial Arts [MMA]) begin. Met volharding en ure se oefening, beklee hy 'n jaar later die nommer een posisie in Suid-Afrika. Du Toit sê dat Westus Relihan, 'n gr 11-leerder wat ook die sport beoefen, hom baie geleer, gehelp en soms ook aangespoor het. Volgens Du Toit, leer MMA jou selfdissipline, respek en verskerp jou waarnemingsvermoë.

Du Toit neem gedurende Oktober 2013 aan die World Traditional Karate and Kickboxing Association in Italië deel en verower 'n tweede plek. "Ek is baie tevrede met my prestasie, maar wil graag volgende jaar goud verower," sê Du Toit.

Tralies lewer goeie uitslae op sportveld

JOHAN KRIEK

Rugbyliga Finaal
Die uitslae is soos volg:
O.19B verloor teen HTS, 23-26
O.16A wen Jim Fouché, 25-12
O.15A gelyk op teen FHP, 19 elk
O.14A gelyk op teen FHP, 10 elk

Cha-Cha terug na Moulin Rouge

MARTINIQUE FERREIRA

Martha Graham het eens gesê dat niemand omgee as jy nie goed kan dans nie. Jy moet net opspring en begin dans, want passievolle dansers is goed.

Die bekende gesegde van een van Brittanje se beste dansinstrukteurs het 'n impak op die Hoërskool Sentraal dansers gehad. Van die meisies vorm deel van *Grey College Dance Club*. Karla van Reenen, Comien du Plessis, Carlise van der Merwe, Chane Uys, Susan Kleyn en Alicia Smit is almal deel van die dansklub. Hulle het vroeër vanjaar aan die *Bronze 1st Level Intermediates* eksamen deelgeneem. Dit sluit die volgende danssoorte in: *Latin American, Rock & Roll, Cha-Cha, Samba, Mamba, Ramba, Merengue, Eastern Swing, Western Swing en Boogie*. Die volgende danse is onder die ballroom katagorieë geassesseer: *Foxtrot, Two-Step, Slow Waltz, Tango* en sokkie. Tydens die kompetisie het hulle eerste en tweede plekke behaal.

Die bogenoemde uitslae spreek van volgehoue oefening en deursettingsvermoë. Me. Lizel Jordan, afrigter van die dansskool, reken dat dans tieners se konsentrasievermoë, selfdissipline en interpersoonlike vaardighede verbeter.

Nie bang vir Buller-berg nie

BERNADETTE VELDSMAN

Leerders aan die Hoërskool Sentraal, wat deel uit maak van die Alpine Ski span, het aan die *International Ski Federation (FIS)* in Australië deelgeneem. By Hotham neem hulle deel aan die *Australia Cup* waar die tien beste skiërs van regoor die wêreld in aksie was.

Francois Olivier, Matthys Olivier en Lorinda Rheeders, graad 11-leerders, moes onder baie moeilike weersomstandighede hulle eerste item by Mount Buller aanpak. Twee van die bogenoemde deelnemers is op die eerste dag van die kompetisie gediskwalifiseer weens dié moeilike weersomstandighede. Dit het hulle egter nie gekortwiek nie en hulle het die volgende dag in die slalom geseëvier.

'n Plaaslike uitblinker was Elizabeth Olivier (graad 9). Tydens die *First Ascent South African National Alpine Ski Championships* wen sy as o.16-skiër die Nasionale Ope titel in slalom. Sy eindig ook algeheel tweede in giant slalom.

Francois Olivier verower die Schnapps trofee vir die beste junior skiër by die SA-kampioenskap. Francois meen: "Hierdie internasionale kompetisie was vir my, as skiër, die hoogtepunt van my loopbaan." Matthys het gesê: "Dit was 'n groot voorreg om internasionaal te kon deelneem."



Matthys Olivier durf Mount Buller met 'eish' aan. **Foto: Verskaf**

Harde werk en wilskrag speel hoofrol

CECILÉ MEYER

Veelsydigheid, oefening en ondervinding is beslis van die sleutelfaktore wat bygedra het tot die feit dat Stefan Herbst, 'n matriekleerder aan die Hoërskool Sentraal, sy staal kon wys tydens die Suid-Afrikaanse Vyfkamp kampioenskap wat aangebied is deur die Kwazulu-Natal Vyfkamp Vereniging.

Herbst het (as lid van die Vrystaatspan) koning gekraai in die afdeling vir junior mans. Hy het deel uitgemaak van die aflosspan wat as wenners uit die stryd getree het. Hierdie uitmergelende sportsoort bestaan uit hardloop, swem, perdspring, skerm en skiet.

Baron Pierre de Coubertin van Frankryk, beter bekend as die vader van die Moderne Olimpiese Spele, beskryf Herbst as volg: "Hy is die perfekte atleet. Al sou hy nie as oorwinnaar uit die stryd tree nie is hy 'n perfekte kandidaat om eendag op Olimpiese vlak krag te kan meet." Dit is Herbst se motivering en dryfkrag.

"My doelwit is om in die toekoms my land op die hoogste vlak moontlik te verteenwordig deur eerstens aan die Afrika kampioenskap in 2014 deel te neem en daarna aan die uitdagende Wêreldkampioenskap in 2015," is Herbst se kommentaar oor hierdie unieke sport wat hy sy eie gemaak het.

Herbst sal in 2014 sy studies aan die Universiteit van die Vrystaat voortsit om sodoende sy huidige afrigters te behou en vyfkamp te bevorder.

WERK EN WEN
1905

Sportkalender

5 Okt	Atletiek Grey/Oranje byeenkoms	26 Okt	Atletiek: JF Uitnodigingsbyeenkoms
8-10 Okt	Hokkiekliniek	30 Okt-	
12 Okt	Swem: Neptunegala	31 Okt	Hokkiekliniek
15 Okt-		31 Okt -	
17 Okt	Hokkiekliniek	3 Nov	Atletiek: Paul Roos
19 Okt	Swem: Ottersgala	5-6 Nov	Hokkiekliniek
19 Okt	Atletiek toer: JF byeenkoms	6 Nov	Vrystaat Skiet Jaarvergadering
22 Okt-		7 Nov	Luggeweerskiet: Jaarvergadering
24 Okt	Hokkiekliniek		



Uit my oogpunt...

Die Hoërskool Sentraal kan trots wees op talle prestasies van 2013.
Die 1e netbalspan het vir die 7e agtereenvolgende jaar die Vrystaattrofee verower. Daar is ook van dié spelers in die Protea-oefengroep ingesluit. Die o.15A-rugbyspan het ook in die Kovsie Sentrale Streek rugbyliga finaal gespeel.
Hanré Herbst het Proteakleure vir driekamp verwerf. Atlete het verskeie goue medaljes tydens die SA-kampioenskap verower. Daar was lewensredders wat tydens die SA-kampioenskap rekords gebreek het.
Vir enige bestemming wat die moeite werd is om te bereik, bestaan daar nie kortpaadjies nie. Die sukses van 2014 is in jou hande. Maak die beste daarvan.

Big Ben wag vir puik atleet

Hanré Herbst wen SA's - nou lê wêreldkampioenskap in London voor



Hanré Herbst verteenwoordig Suid-Afrika in driekamp.

MARTINIQUE FERREIRA

Op die oog af is Hanré Herbst die perfekte definisie van 'n langafstand atleet: doelgerig en gedissiplineerd.

Hy is gedetermineerd om sy land te verteenwoordig in 'n populêre sportsoort wat deel van sy menswees geword het - driekamp.

Dit is elke jong atleet se droom om as 'n SA-kampioen gekroon te word. Dít het vroeër vanjaar vir Herbst 'n werklikheid geword.

Hy is tans besig met voorbereiding vir volgende jaar se wêreldkampioenskap te London. Dit sluit byeenkomste in Hongarye en Istanbul in om kwalifiserende tye vir die wêreldkampioenskap in 2014 te behaal.

Van jongs af hou Herbst daarvan om aan verskeie veelkampe deel te neem soos landloop en biathlé. Op dertienjarige ouderdom het hy op driekamp begin fokus.

Om aan driekamp deel te neem verg baie selfdissipline en daarom pas dié sportsoort Herbst soos 'n handskoen.

Op die vraag wat volgende op hom wag antwoord hy: “Ek moet nou 'n streng oefenprogram volg en net my kant bring om my beste te kan lewer.”

Foto: Verskaf

ITEC
QUALITY PEOPLE,SMART OFFICE SOLUTIONS
Tel: 051 446 2440
www.itecfreestate.co.za



vivid designs 082 576 3143